# Hoofstuk 2.

## Algemene Historiese Oorsig van die Onderwys in Rhodesië.

### 1. AANVANGSJARE.

#### a. „Rhodesië."

In hierdie hoofstuk, soos in die volgende sal die bespreking i.v.m. die ontwikkeling en die probleem van die skoolwese en onderwys in die algemeen net betrekking hê op Suid-Rhodesië, aangesien dié „provinsie" etlike dekades voor Noord-Rhodesië ontgin is, die inisiatief in soverre dit die N.G.Kerk betref, uit dié ‚provinsie' uitgegaan het, en dit die mees toonaangewende Britse kolonie benoorde die Limpopo is. Noord-Rhodesië beskik verder oor geen middelbare onderwysstelsel nie. Behalwe waar Noord-Rhodesië dus spesifiek genoem word, word vir die doel van die bespreking van die onderwys in Rhodesië Suid-Rhodesië bedoel, egter met die verstande dat die prinsipiële beskouinge ten opsigte van die Onderwys in albei kolonies dieselfde is, en die stryd van die N.G.Kerk op dié gebied oor albei landstreke gaan.

#### b. Kerkskole.

Toe Rhodes sy pionierekspedisie begin organiseer het, was Rhodesië - die naam wat die gebied kort daarna gekry het - soos Kimberley en Johannesburg, reeds 'n towerwoord, sodat aansoeke om insluiting by die besettingsmagte die aanvraag ver oorskry het. Toe die tog eindelik aanvaar is, het dit bestaan uit 187 blanke mans, omtrent net soveel naturelle en kleurlingbediendes en 'n polisiemag. Dit was dus almal jongkêrels wat die aanvoorwerk gedoen het, en behalwe Afrikaanse jagterfamilies was daar dan ook geen familiegroepe in die land nie, sodat dit nie nodig was vir die maatskappy om in die onderwysbehoeftes van die land te voorsien nie: Daar was geen kinders en geen onderwysers nie, en daarbenewens was die Maatskappy in iedere geval meer geïnteresseerd in die goud van die land. Dit het meegebring dat toe immigrante-families in die jare 1891 en 1892 die aantal koloniste tot amper tweeduisend opgeskuif het, die Maatskappy die

poging van kerke om die elementêrste opvoedkundige fasiliteite te verskaf, baie hartlik verwelkom het. In dié opsig vertoon die ontwikkeling van die onderwys in Rhodesië geen uitsondering op die algemene praktyk wat in ander lande van die wêreld in swang was nie; naamlik dat die kerk die inisiatief neem om die vroegste opvoedkundige fasiliteite te verskaf, dat dié dan later met die staat gedeel word, wanneer staatsondersteuning aan die kerke verleen word, en dat die staat dan die houvas oor die skole uitbrei om eindelik alles te beheer.

Byna twee jaar na die besetting het 'n paar Dominikaanse Susters wat die pionierskolonne as verpleegsters vergesel het, die eerste kerkskooltjie in Salisbury begin(Oktober 1892), waar hul die eerste vier kinders in 'n pale-en-modderhut onderrig het.[1] Die getal het vinnig tot veertig gestyg sodat die skool na 'n groter gebou verskuif is, waarvan die dak deur Rhodes verskaf is.

Die terugslae wat ds. Paul Nel in sy aanvangswerk beleef het, het ook die volgende jaar dié skooltjie geteister, maar nie laat verdwyn nie. Na die vlug van Lobengula uit Bulawayo het die "susters" in 1895 hul tweede skooltjie in Rhodesië daar geopen om te voorsien in die onderwysbehoeftes van die kinders en die groot aantal trekkers wat die nuwe Eldorado binnegestroom het. So vinnig het die getalle toegeneem dat die Jesuïte-orde en die N.G.Kerk in 1896 skole daar aan die gang gehad het[2] en dat in 1898 die eerste meisieskool deur die Engelse Kerk begin is.

Intussen het ook die ander dorpies uitgebrei. Te Umtali het die Amerikaanse Methodiste 'n skooltjie met twaalf kinders begin, en die N.G.Kerk het skole ook in Melsetter en Enkeldoorn geopen; die Kerk van Engeland het hom vir 'n seunskool te Salisbury beywer

---

1) Vgl. Olivier: Recent Educational Developments in Southern Rhodesia, 1-3. Blackwell: Brief History of European Education in S.Rhodesia, 1.
2) Blackwell: a.w. 1. Report of Education Commission, 1908. B.S.A.Co. Reports: 1897-1898.

en benewens die Wesleyaanse predikant wat te Fort Victoria klasse gehad het, was daar 'n skooltjie van eerw. en mevr. Louw vir die Afrikaanse kinders.[1]

Die toegewings wat van "Staatsweë" aan ds. Strasheim ten opsigte van die onderwys gedoen is,[2] veral met betrekking tot geldelike ondersteuning vir onderwysers en geboue is ook aan die ander kerke gedoen, sodat die Maatskappy hom vanaf die begin deeglik in die onderwys geïnteresseer het, al was dit sy (die Maatskappy se) grootste taak om goeie dividende aan die aandeelhouers uit te betaal. Daar moet derhalwe erken word dat die opvatting van koloniale ontwikkeling by die administrasie 'n gesonde was, en dat dit besef het dat van die drie magte wat so'n administrasie tot sy beskikking het om die karakter van koloniale ewolusie te bepaal, nl. opvoedkundige, maatskaplike en ekonomiese magte, die van die opvoeding die een is wat die meeste binne sy beheer is.

Soos reeds gemeld, was die afspringplek van die Maatskappy, van al sy amptenare en van al sy idees, die Kaapkolonie[3]. Al het die uitrekkers dan ook uit alle oorde van die land gekom, was die onderwysers vir die grootse gedeelte uit dié Kaap afkomstig en daarmee ook die opvoedkundige idees wat deur die Maatskappy onderskryf of voorgeskryf is. Daar het manne soos dr. L.Dale, mnr. D.Ross en sir Thomas Muir (1892) kort vantevore breedvoerige skemas en fenominale veranderinge in die onderwysadministrasie teweeggebring sodat in hulle pogings om by daardie kolonie aan te sluit, dit al gou vir die Direkteure duidelik geword het dat die Maatskappy 'n meer vasberade poging sou moes aanwend om self groter onderwysgeleenthede te verskaf. Die eerste stap in dié rigting is gedoen toe die eerste staatskool in 1898 in Salisbury geopen is. Die Salisburyse stadsraad

1) Louw: Dågeraad in Banyailand, 110; B.S.A.Report:1899, 1900.
2) Vgl. Hoofstuk 1 en 111. Vgl.ook B.S.A.Co. Reports:1895 1898.
3) Hoofstuk 1.
4) Vgl.Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 124-134.

het die helfte en die administrasie en die publiek (in die vorm van skoolgelde) die res van die koste gedra. Die skoolraad self sou uit vyf lede bestaan waarvan die raad en die „staat" albei twee nomineer het en een deur die ouers van die kinders wat die skool bywoon, gekies sou word.[1)]

Nadat hierdie stap gedoen is, het die regerende liggaam ook sy verantwoordelikhede teenoor ander onderwysvraagstukke begin aanvoel; dit was immers duidelik dat 'n beleid van een of ander soort ontwerp moes word waarin die indiwiduele pogings van die kerke en die staat, die beginsels van aparte skole vir seuns en meisies en blank en gekleurd, van staatsbeheer, van opvoeding vir tweemiljoen naturelle, van die belangstelling van die publiek in die onderwys, en van die liberale finansiële ondersteuning van die owerhede gekoördineer kon word.

c. <u>Koördineerde Onderwysordonnansies 1899,1903.</u>

Die eerste poging wat dan ook aangewend is om 'n soort sentrale onderwysbeleid te verskaf, het in 1899 geskied toe die eerste Onderwysordonnansie uitgevaardig is. Daarin is voorsiening vir 'n Departement van Onderwys en van 'n Inspektoraat gemaak, wat moes toesien dat die geld wat vir onderwysdoeleindes deur die Administrasie beskikbaar gestel sou word, behoorlik gedistribueer word, en die verantwoordelikheid van die Administrasie afgeneem word.[2)] Die gelde sou op die pond-vir-pond basis verdeel word, terwyl die regering ook die helfte van die onderwysers se salarisse sou betaal en die helfte van die skoolbehoeftes sou verskaf.[3)]

Hierdie ondersteuning is gegee aan goedgekeurde „undenominational" skole of „Voluntary Public Schools" met 'n gemiddelde jaarlikse inskrywing van vyf-en-twintig skoliere. Die „undenominational" skole wat reeds meer as dertig jaar lank in die Kaapkolonie[4)] in

1)Report of Education Committee: 1908, Section I.
2)Education Ordinance: 1899.
3)Schedule to Education Ordinance, 1899. Section 2.
4)Malherbe: Education in South Africa, 95.

swang was, was "open to such children as the administration may prescribe, and under the control of managers appointed by the administration,"[1] terwyl die "Voluntary Public School" nog deur 'n erkende godsdienstige liggaam beheer sou word.

Die Inspekteur wat deur die Administrasie benoem is, moes toesien dat die bepalinge in verband met die onderwys soos deur die Wetgewende Raad - die regerende liggaam - besluit, uitgevoer word, en hy moes jaarliks sy rapport aan dié Raad voorlê. Daar was toe sewe skole wat ondersteuning gekry het, sodat, vergeleke met die toestand in die Kaapkolonie waar daar omtrent 130 skole vir een inspekteur was,[2] sy taak 'n eenvoudige was. Maar dit sou veral sy verantwoordelikheid wees om die fondamente van 'n onderwysstelsel vir Rhodesië uit te werk.

In sy geheel geneem, was die Ordonnansie nie alleen 'n baie noodsaaklike nie; maar uit die oogpunt van die kerke ook 'n baie tegemoetkomende, want die onderwys het meer as net die deeltydse aandag van die kerklike liggame geverg wat ook nie onbeperkte bronne van tyd en geld tot hul beskikking gehad het nie. Daarbenewens het die publiek ook wel begin twyfel of die onderwys op die skole werklik vry te spreek was van denominasionele of kerkistiese propaganda en invloed, al was daar nog geen aanklag van bewuste proselietmakery nie. Die ordonnansie het dan tog daardie eenheid bewerkstellig wat so'n vereiste in die land was, sonder om daarmee te veel in te gryp in die kerklike organisasies.

Tot nog toe is die meeste aandag nog geskenk aan onderwys in die vernaamste dorpe, maar die belangrike probleem in daardie dae van kleine dinge was gewees hoe om die skool na al die kinders te bring of al die kinders na die skool - inderdaad tog die eerste probleem wat enige opvoedkundige administrasie moet oplos. Die land het alreeds baie boere getrek, maar in die bui-

1) Schedule to Education Ordinance, 1899: Section 2.
2) Malherbe: a.w. 143.

te distrikte het hul kinders geen onderwys ontvang nie - daar is geen voorsiening vir hul losies op die dorpe gemaak nie, en leerkragte van sowel die kerk as die staat het ontbreek om nog op buiteposte gestasioneer te word. Een poging is aangewend om die toestand te probeer verander, toe 'n tweede publieke skool - 'n „kosskool", deur die Engelse Kerk in samewerking met die spoorwegmaatskappy in 1902 te Plumtree opgerig is, om onderwys aan die kinders van spoorwegamptenare langs die spoor en plattelandse ouers te verskaf.[1] Hierdie skool was egter geleë aan die verste westelike hoek van die land en was moeilik bekombaar deur die kinders in Masjonaland.

Kort na die opening van dié skool het die geleentheid hom voorgedoen waarin die derde stap in die beheer van die onderwys toegepas kon word - en wel die oorname en beheer deur die staat van inrigtinge wat deur kerklike of ander organisasies begin is. Sowel die Salisburyse as Plumtreese openbare skole het tot 'n dooiepunt in hul besture geraak sodat albei deur die staat oorgeneem en beheer moes word.[2]

d. Tweede Onderwysordonnansie, 1903.

Dié besliste stap van die regering wat daarmee die beginsel van staatsbeheer sonder meer bepaal het, en die feit dat al die ander skole in die land hoogs gesentraliseerd was en sonder enige losiesgeriewe, het die Departement genoop om die Ordonnansie van 1899 enigsins te wysig en aan te vul deur 'n Tweede Ordonnansie (van 1903) om onderwysfasiliteite ook vir die buitedistrikte in te sluit. Daarmee is die staatsbeheer uitgebrei en is hulp aan al die plattelandse skooltjies wat opgerig sou word, toegesê. Die Departement sou met ander woorde skole met minder as 25 leerlinge kon oprig.. ..„in any locality where a school seems a necessity or it is desirable to establish schools of a kind not already existing in any locality, and which would not

1) Vgl. Blackwell: a.w., 2.
2) Blackwell: a.w., 2.

Na sy dood kon etlike jare lank geen persoon gevind word om Rhodesië weer te besoek nie. Die drie sendelinge op die mees strategiesé plekke moes na die beste van hul vermoë die geestelike en soms ook stoflike welvaart en onderwys van die Afrikaanse gemeenskap in die distrikte Bulawayo, Enkeldoorn en Melsetter behartig.

So het die eerste periode van die N.G.Kerk in Rhodesië ge-eindig. Die gemeentes as grondvorm van die N.G.Kerk is met baie moed gestig en daar is gehoop deur sowel ds. Strasheim, as die lede dat die vereiste kerkverband ook deur middel van 'n eie leraar gehandhaaf sou kon word. Die ontwrigting wat deur die inboorlingopstande en siekte onder die vee veroorsaak is, het gedeeltelik meegebring dat die gemeentes los van mekaar bly staan het, aangesien die sendelinge nie by magte en seker ook nie bereid was om buite hulle grense ooreenkomstig 'n Rhodesiese kerklike eenheid te arbei nie. Die welsyn en veiligheid van die Afrikaanse gemeenskap moes daaronder ly.

## 4. ONTWIKKELING EN GROEI VAN DIE N.G.KERK IN RHODESIË OOR 'N HALWE EEU.

### a. Sendeling-onderwysers.

Die drie genoemde sendelinge het die Rhodesiese Afrikaner kom bearbei net toe daardie gemeenskap op sy armste was en dus moeilik hul beloftes insake die salaris van dié manne kon nakom. Kort na eerw. le Roux se aankoms moes by private indiwidue geld geleen word om sy agterstallige salaris te betaal [1] (September 1896). Die geld (£50) wat die moderatuur vir die kerk- en skoolgeboutjie gestuur het, is aangevul deur 'n private gif van £200 van Rhodes. Na twee jaar is die eerwaarde weer beroep om langer in die gemeente te bly, maar het hy gevra dat die onderwys in ander hande moes oorgaan aangesien sowel gemeentewerk as onderwys skade gely het. [2] Daarna kon hy met meer doeglikheid die drie uitgestrekte wyke bearbei.

Eerw. Liebenberg weer het tydelik in die

1) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 5.9.1896.
2) Olivier: Pioniertrekke, 148.

exist but for the initiative of the Government."[1] Die administrateur is verder gemagtig om met die beheerrade van reeds bestaande skole ooreen te kom ten'einde so 'n skool op te rig, uit te brei, in stand te hou of oor te neem. Om losiesgeriewe aan te moedig, kon die skoolrade losieshuise op grond deur die Maatskappy verskaf, oprig, waarna die regering twintig pond per kosganger per jaar sou bydra. Ook sou die "Board of Management" kon aansoek doen om ondersteuning van behoeftige kinders, lenings ter oprigting van geboue of die rente op sulke geboue.

Die Ordonnansie het ook die belangrike bepaling bevat dat Engels die enigste medium van onderwys is.

Die toegewings van die kant van die Departement is deur al die kerke aanvaar sodat skole orals oor die land ontstaan het en van 10 tot 21 vermeerder het, met kinders vanaf 9 tot 130 in die register. Terselfdertyd het die regering reeds die weg voorberei om die verantwoordelikheid vir die onderwys van al die kinders op 'n suiwer politiek-ekonomiese basis[2] aan die publiek voor te lê. Die staat sou nie langer tevrede wees om bloot as patriarg op te tree nie, en in dié opsig het dit al dadelik die een groot verskil met die Kaapkolonie begin toon,[3] waar die grootste mag in die hande van die plaaslike skoolrade was.

Etlike jare lank nog het die staat die kerklike liggame die geleentheid gegee om die skole te onderhou of te ondersteun, maar teen 1908 was dit duidelik dat daar op onderwysgebied nie tred gehou kon word met die ontwikkeling van die land nie. Net soos in ander lande het ook in Rhodesië die plaaslike beheer onefektief geblyk. Die bestaande skole is nie op 'n gesonde basis gehou nie weens gebrek aan fondse, geboue, skoolbehoeftes, en in baie gevalle wou die nog trekkende bevol-

---

1) Schedule to Education Ordinance, 1903; Section 1, 12.
2) Monroe: Brief Course in the History of Education, 382.
3) Malherbe: History of Education in South Africa, 116, 117.

king hul nie verantwoordelik stel vir die uitgawe, oprigting en instandhouding van skoolgeboue of die opening van nuwe noodsaaklike skole nie, terwyl in plekke "there has been difficulty in finding prominent local men of the necessary standing to act as managers."[1] Ontevredenheid met die kerklike skole, die gebrek aan 'n allesomvattende onderwysstelsel, die behoeftes aan middelbare en tegniese onderwys het alles aangedui dat die eerste periode van die onderwysstryd, wat deur die kerk op hom geneem is, afgesluit is en dat die staat nou sy beheer stelselmatig en seker sou uitbrei.

2. KOMMISSIE EN STAATSBEHEER TOT 1936.

a. Eerste Onderwyskommissie 1908.

Een van die sekerste tekens daarvan was dat na die koloniste self 'n meerderheid in die Wetgewende Raad in 1907 behaal het en, onderwys op verskeie publieke vergaderinge bespreek is, waarop meer en meer gevoel is dat die staat die onderwys moes oorneem.[2] Die eerste stap wat deur die nuwe Raad in verband met die onderwys gedoen is, was om in 1908 'n kommissie aan te stel om rapport uit te bring oor die hele onderwyssisteem van Rhodesië.[3]

Die Kommissie het aanbeveel dat onderwys verpligtend sou wees vir alle kinders wat naby die skool woon, dat die Departement alle primêre onderwys sou kontroleer, dat adviserende komitees vir publieke skole gekies sou word, predikante die reg sou hê om godsdiens op die skole te gee, dat meer koshuise opgerig sou word, en Engels as medium behoue sou bly. Twee aanbevelings wat die N.G.Kerk sou getref het, te wete 'n paralelle sisteem vir die ryker en armer klasse in plaas van die gebruiklike leersisteem soos in die Kaapkolonie in swang was, en 'n onttrekking van alle staatsondersteuning aan kerkskole, is nie deur die regering aanvaar nie.

'n Byna ongeëwenaarde uitbreiding op alle

1) Report of the Education Commission, 1908, 3.
2) Idem.
3) Vgl. Blackwell, aw., 2.

gebiede van die onderwys het nou plaasgevind. Die getal staatskole het vermeerder van 21 tot 93 deurdat baie meer plaasskole geopen is, andere gesluit is en sommige deur die staat oorgeneem is. Daar was 'n ooreenkomstige inkrimping van private skole van 14 tot 5 binne drie jaar.[1] Die „School Advisory Boards" het, vir so ver dit die beleid van die regering en die Departement onderskryf het, goed gewerk, en waardevolle hulp aan die Departement wat ooreis was, verskaf. Losieshuistoelae het die getal kosgangers vermeerder sodat hulle 'n kwart tot 'n derde, sommige jare twee-derdes, van die totale skoolbevolking uitgemaak het - 'n verhouding wat enig was in die hele Britse Ryk.

Die merkwaardige uitbreiding in openbare beheer en administrasie van en belangstelling in die onderwys vanaf 1907[2] is in geen geringe mate aan die bemaking van die som van £200,000 vir „educational, public and other charitable purposes in Rhodesia" deur Alfred Beit, 'n vennoot van Rhodes, te danke nie. Na die dood van hierdie weldoener - die grootste in belang van die opvoeding, in sy tyd,[3] het die trustees dadelik £50,000 vir skoolkoshuise, asook 20 Beitbeurse van £32 elk en £2,000 (later £4,000) vir die losies van kinders wat meer as drie myl van die skool af woon, beskikbaar gestel. Die Departement het naamlik gevoel dat met so 'n verspreide en rondtrekkende gemeenskap (20,000) die enigste oplossing was om 'n beleid van sametrekking in losieshuise in die stede, veral by die hoërskole in die groter dorpe, toe te pas.

b. <u>Tweede Onderwyskommissie 1916.</u>

Vanaf daardie periode en met daardie som geld was die toekoms van die onderwys in die hande van die departement verseker.

Die jare wat gevolg het, het egter 'n geroep om vry en verpligte onderwys laat hoor, en mettertyd

---

1) Blackwell: a.w., 3.
2) Report of the Education Commission:1908. Blackwell, a.w. 4-5.
3) Fort: Alfred Beit: A Study, 170.

het die groot aantal plaasskooltjies weer kritiek uitgelok. Die Administrasie was verplig om in 1916 weer 'n kommissie te benoem om dié twee sake te ondersoek.[1] Die oorlogsjare het rééds baie geldelike verpligtinge meegebring, en terselfdertyd was die stryd in die provinsies van die Unie van Suid-Afrika in verband met verpligte onderwys nog glad nie opgelos nie, sodat die regering huiwerig was om enige verandering aan te bring. As oplossing vir die baie plaasskole is meer koshuise vir die dorpskole voorgestel, asmede 'n stelsel van sentralisasie op sekere plekke van die meeste van die omliggende klein plaasskooltjies, waar dan ook weer voorsiening vir losies gemaak sou word.[2]

Om die tekort aan onderwyseresse vir die plaasskole te verhelp, is 'n Onderwysers-kollege aanbeveel, en in 1917 is die hoogste sport in die onderwyssisteem van Rhodesië bereik toe so 'n kollege te Salisbury geopen is en die volgende jaar na Bulawayo verskuif is om in samewerking met die Eveline Meisieskool te ontwikkel.[3]

Baie kon nie gedoen word solank die oorlog aan die gang was nie, en etlike jare lank na die vrede was daar nog 'n mate van onvastheid, nie alleen in die onderwyssake nie, maar ook in die politiek. Soos na enige oorlog was daar 'n gees van ontevredenheid met en losbreking van die reedsbestaande, maar ook van nuwe hoop uit die chaos. Die onderwysdepartement het veral die oë gerig gehou op die ontwikkeling wat in die ander lande plaasgevind het; maar van binne af uit het daar ook 'n beter besef van die wese van die opvoeding die breë lae van die bevolking deurdring. Daar was 'n vinnige uitbreiding gedurende die jare 1919-1929, wat beoog het om die hele gebied van die opvoeding van die kind vanaf die primêre skool tot aan die einde van die middelbare stadium verstandelik, moreel, fisies, en kultureel in te sluit. Net soos die ontwikkeling na 1908 was ook

1) Vgl. Blackwell, a.w. 8.
2) Report of Education Committee: 1916.
3) Report, Director of Education, 1918.

nou die een groot krag agter die voorwaartse beweging die politieke mag - Verantwoordelike Bestuur - wat in 1923 aan die bevolking toegesê is. Daarmee is ook die B.S.A.-Maatskappy se beheer oor die land finaal afgesluit, en het die kolonie geweier om as deel van die Unie van Suid-Afrika ingelyf te word. Die nasionale ontwaking van die oorlogsjare het ook dié Britse kolonie vaster aan die moederland geknoop en daarmee het 'n gestadigde vervreemding van die Unie van Suid-Afrika ingetree.

Op opvoedkundige gebied is besef dat, terwyl daar nie by die Unie aangesluit kon word nie, en die sisteem wat in die moederland in swang was, nie sonder meer in Rhodesië kon toegepas word nie, 'n onafhanklike en lokale sisteem van onderwys in Rhodesië nou opgebou sou moes word.[1] Daarvoor was daar genoeg deursettingsvermoë by die koloniste, dog die onderwyskragte het ontbreek.

'n Nuwe rekruteringsbeleid om naamlik die onderwysers uit die moederland in plaas van uit die Unie in te voer, het tot gevolg gehad dat die persentasie gekwalifiseerde onderwysers gestyg het tot 79.8 en die getal leerlinge per onderwyser gedaal het tot 18.3 die laagste in die Unie of in die Britse Ryk. Tog het dit ook gebeur dat die Departement gegradueerde oudsoldate as onderwysers ingevoer het wat nie onderwyskwalifikasies besit het nie, ook sonder om later daarop aan te dring.[2]

Teen 1923 was die nuwe stelsel oral in werking. Salarisse is verhoog soos in die Unie,[3] en 'n eie voorrade-kantoor is geopen. Die getalle het toegeneem en die plaasskole het vinnig vermeerder tot 104 in 1927. Daarna het die sentraliseer-beleid weer na vore gekom en is laasgenoemde verminder na 26, terwyl privaat

---

1) „The state possesses a kind of corporate personality which must find expression in its educational effort, so long as it takes pride in its own origin and history and endeavours to solve its special problems in the light of its own experience" Regulations: Courses for Primary Schools, 1924.
2) Report: Director of Education, 1919, 1920. Vgl. Rhodesian Services Record: September 1944, 246.
3) Malherbe: a.w., 157.

goewernante-skole gesteun deur die departement, tot 49 aangegroei het. 'n Ongekende „bougees" het in die land geheers, en groot koshuise met alle geriewe is op die dorpe opgerig waar die hoërskole tot 7 gestyg het. Vir die 35,000 inwoners was sewe staats-hoërskole, behalwe nog drie wat deur kerke onderhou is, 'n buitegewoon goeie prestasie.

Ander verbeteringe was die invoering van 'n skoolkaartstelsel om die beweging van die rondtrekkende kinders - 1 in elke 4 - te probeer kontroleer, 'n uitbreiding van die leerplan om plek vir liggaamsoefening wat by die tropiese klimaat aansluit, te maak, die benoeming van 'n Mediese Direkteur om gereeld die skole te besoek; die instelling van twee nuwe kursusse vir seuns, een vir aspirant- boere naamlik 'n landbouskool in die Matopos en 'n Junior Tegniese skool vir skoliere wat nie met die akademiese kursusse wou voortgaan nie; en die vermeerdering van die beursstelsel om universiteitskursusse moontlik te maak. Eindelik, omdat daar bevind is dat die Junior Sertifikaat-eksamen van die Kaap tot geen nut in Rhodesië gestrek het nie, is dié in 1929 deur 'n plaaslike eksamen vervang.[1)]

Al die verbeterings en veranderings het tred gehou met die ontwikkeling wat ook in die buitewêreld plaasgevind het.[2)] Rhodesië was daarby gelukkig dat hy die jongste uit die eksperimente van ander lande kon toepas sonder om aan die reedsbestaande afbreuk te doen. In vergelyking met ander lande was hy baie „ryk" en het hy oor inkomste en donasies beskik wat nie die goeie lot van ander pioniersbeskawinge was nie. Deur die jare is 'n gesistematiseerde onderwysstelsel in Rhodesië opgebou met die wete dat daar altyd die geld gevind sou word om enige gesonde aanbeveling uit te voer. Die ontwikkeling in Rhodesië het seker nie ten agter gestaan by die in ander lande of in die provinsies van die Unie van Suid-Afrika nie.

1) Vgl. Report: Director of Education, 1929.
2) Vgl. Olivier: Recent Educational Developements, 26.

c. Ondorwyskommissie van 1929 - „Tate"-Verslag.

Met die sekerheid dat die tyd ryp was vir verdere ontwikkeling is die hele opvoedkundige aangeleenthede weer in 1928 in die parlement bespreek, toe eers voorgestel is dat onderwys tussen 7 en 16 jaar verpligtend sou wees. Voordat tot die stap oorgegaan is, is besluit om weer 'n kommissie aan te stel om rapporte uit te bring oor die leerplan in al sy aspekte, oor die onderwysstandaard in Rhodesië in vergelyking met ander lande en oor die hele kwessie van eksamens. Laasgenoemde vraagstuk is ondersoek na aanleiding van kritiek teen die werk in sekere hoërskole gedaan, toe bevind is dat slegs vyftig persent van die Rhodesiese kandidate in die matrikulasie-eksamen geslaag het. Ook die Direkteur van Onderwys het gekla dat promosie geskied het op 'n roetine basis sonder dat die leerling se bekwaamheid om te baat by verdere studie, in aanmerking geneem is:[1] „While examination results are not the final tests of a secondary school, they are not without significance. A comparison between the standard attained by the various provinces of the Union of South Africa does not flatter the Colony,"[2] het hy verklaar.

Die Kommissie wat bestaan het uit prof. F.Clarke van Kaapstad, mnr. A.Tate van Australië en mnr. P.Baxter van Rhodesië moes aanbevelinge doen „for the education of a particular community in a particular situation."[3] In hul rapport, (Tate Report, 1929) het hul 'n baie simpatieke houding geopenbaar en feitlik alle aspekte van die onderwys aangeraak. Dit het die uitbreiding en bewaring van die Europese beskawing vooropgestel, asook 'n opvoeding van die kinders „to live a full, effective Rhodesian life." Dit het die fondamente gelê ter vermindering van die vertraging en druiping van die skoliere deur die kursus ná die primêre skool te wysig. In die eerste plaas sou daar 'n „Junior" driejarige kur-

1) Report: Director of Education, 1927.
2) Idem.
3) Tate Report, 1929, Section I

sus aan sekere skole gevolg word waarmee die skoolloopbaan van sulke seuns en dogters maklik afgerond kon word. Die ander hoërskole moes 'n paralelle kursus in akademiese of eksamenvakke en algemene praktiese vakke, indien moontlik, instel.[1] Die Tegniese skool moes uitgebrei word en die Matopos-landbouskool onder die Landboudepartement geplaas word. Om te bepaal na watter van die skole of klasse 'n leerling na die primêre skool sou gaan, is 'n std.V-eksamen, 'n "Qualifying Examination", aanbeveel.

Die Kommissie wat in ieder geval samewerking op onderwysgebied met die Unie aanbeveel het, het nie op besonderhede ingegaan nie...."we feel unequipped to make any definite recommendation as to what the decision on any particular point should be."[2] Maar dit was veral in die breed-opgesette filosofiese beskouing van die Rapport dat sy waarde gelê het. Dit het die beste geneem uit die Engelse Hadow Report: "<u>The Education of the Adolescent</u>" en dit by Rhodesiese omstandighede aangepas.

Dit was 'n Rapport wat weer die belangstelling van die gewone ouer opgewek het en die Departement die geleentheid gebied het om nie alleen die gedane werk in perspektief te sien nie, maar om die rigting van die toekoms te bepaal. Daar was meer as net 'n boekgeleerdheid in die jong land nodig; seuns was potensiële ambagslui en industriële leiers, dogters die kern van die huis van die toekoms; onderwysers moes gekwalifiseerd wees, inspeksie deegliker, administrasie beter. En met die weloorwoë mening van die kommissie tot hulle beskikking het die owerheid besluit om een na die ander aanbeveling in die praktyk toe te pas.

Die drietermyn-jaar is ingestel, bosbouaanplantings begin, addisionele onderwysers aangestel, en korrespondensiekursusse vir verafwonende kinders ingestel. Onderwys is verpligtend vir die ouderdomme 7-15

1) Tate Report 1929, Section 69.
2) Idem, 48.

gemaak en alle skoolgelde vir die primêre skole is afgeskaf, terwyl voorlopig deur die regering onderneem is om enige leerling gratis onderwys te gee as sy ouers nie kon betaal nie.[1] Plattelandse sentralisering van skoolkinders het voortgegaan en vir hulle is die kursus aan die Matopos aanvanklik uitgebrei terwyl die driejarige tegniese kursus tot vier jaar verleng is. Ander tegniese, kommersiële en aandklasse in Salisbury, Bulawayo en Umtali het meegehelp om die naskoolse jeug in die industriële lewe van die land in te lei. Dit was kortom 'n poging van die Departement om aan elke kind 'n opvoeding na sy aard te verskaf.

Maar tog was die akademiese stempel nog in alles te bespeur, al is daar eksperimente met die sogenaamde „moderne" vakke begin.[2] Daarbenewens het die depressiejare ook in Rhodesië ontwikkeling op alle gebiede gestrem sodat alleen dié items wat nie te veel geld vereis het nie, deur die Onderwysdepartement goedgekeur kon word. Die mag van die konserwatisme het verder die groei van die moderne rigting teengewerk sodat ouers veral en onderwysers in 'n mindere mate nog aan die ou idee vasgehou het dat akademiese kursusse geskik was vir die normale of bo-normale kind en die moderne krusus vir die kinders met ondernormale bekwaamheid. Dit het gelyk of die owerheid huiwerig was om verder met die onderwys te eksperimenteer en het verkies om sake hul gang te laat gaan. Maar weer het die politieke verwikkeling in die land die onderwys beïnvloed, en met die nuwe regering wat in 1934 aan bewind gekom het, is die „moderne" periode in die onderwysontwikkeling van Rhodesië ingelei.

3. DIE „MODERNE" ONDERWYS.

a. Onderwyskommissie van 1936 - „Fox"-Verslag.

Die drastiese onderwysveranderinge wat sedert daardie datum in die kolonie plaasgevind het, het hoofsaaklik geskied op inisiatief van die leier van die party wat nog tot op datum die land geregeer het, G.M.

1) Compulsory Education Act, 1930.
2) Report: Director of Education, 1934.

Huggins. Sy regering was die mening toegedaan dat die onderwysvooruitgang glad te stadig was, en het besluit dat dit beter sou wees om nie die Tate-verslag verder te raadpleeg nie, maar om 'n nuwe kommissie te benoem veral aangesien die skraaljare blykbaar om was. Een van die Engelse inspekteurs „H.M.Inspector" mnr. H.Fox is benoem om die ondersoek waar te neem, en hy sou veral leiding moes gee hoe die „Hadow Report" oor die opvoeding van die adolessent by Rhodesiese omstandighede aanpas, die eksamenstelsel verbeter, en die leerplanne uitgebrei kon word.[1)]

Die oorsprong van die Hadow-Verslag moet in die tydsgees van die na-oorlogse onderwysroorganisasie gesoek word toe die moderne opvoedingsbeweging[2)] 'n wêreldwye omvang aangeneem het. 'n Geheel nuwe oriëntasie veral van die onderwys vir die middelbare skool is deur die „Consultative Committee" in Engeland (1926) in dié Rapport aanbeveel,[3)] en soos dié die grondslag gelê het van die onderwyshervorming in Engeland, sou ook sy koloniale interpretasie daarvan in Rhodesië die land by die beste wat op onderwysgebied aangebied kon word, laat aansluit.

In die verslag wat deur die Fox-kommissie in Rhodesië uitgebring is, is die verskille wat indiwidue kenmerk, ontleed en die feit dat die meerderheid van die kinders prakties van aard was en dat die hoër akademiese skole dus vir hulle ongeskik is, beklemtoon. Eksamen is heftig gekritiseer en as die oorsaak van baie van die vertraging aangegee. Kortliks het die aanbeveling, wat eindelik deur die Regering[4)] onderskryf is, op die volgende neergekom: Daar sou 'n duidelike verdeling wees tussen laer en middelbare onderwys; laerskole sou vry wees van 'n departementeeel-opgelegde sillabus; minstens drie jaar sekundêre onderwys moes vir alle kinders bo 12 jaar verskaf word; die ouderdom vir skoolverlating sou

---

1) Fox Report: Section 1.
2) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 10.
3) Hadow Report: Education of the Adolescent, VII.
4) Hansard: 29.10.1937.

so spoedig moontlik tot 16 verhoog word, en indien dit nie dadelik gedoen kon word nie, sou ouers wat hulle kinders na akademiese skole stuur, gevra word om 'n verklaring te teken dat die kinders tot hul sestiende jaar op skool sou bly. Sover moontlik sou die ouer 'n keuse hê by die oorgangstadium van die kind by 12 jaar. Middelbare onderwys sou drie tipes behels: modern, akademies en tegnies en waar moontlik sou moderne en akademiese onderwys in aparte skole verskaf word. Moderne kursusse, in aparte skole of nie, sou vry wees van alle eksterne eksamens. Die departementele Junior Sertifikaat sou aan die einde van 1937 afgeskaf word, terwyl die akademiese middelbare skole die matrikulasie laat vaar en die Cambridge School Certificate in Vorm 1V in en na 1939 sou skryf. Die Vorm V en Vorm Vl sou óf besig bly met die ophoping of verkryging van die nodige krediete om toelating tot die universiteit te verseker, óf sou gevorderde studie onderneem om aan te sluit by die kursus wat aan die universiteit gevolg sou word.1)

Die beweegrede vir die afskaffing van 'n leerplan in die laerskool was dat die skole te veel op die formele vakke en die „3 R's" konsentreer, die kulturele vakke veronagsaam is, en 'n gelyke standaard van bevoegdheid in die formele vakke van al die kinders geëis is, voordat bevordering kon geskied, en dit baie tot die algemene vertraging bygedra het. Die redes daarvoor was weer omdat die primêre skole bloot as die voerskole van die hoërskole beskou is, sonder eie duidelike doelstellings. Daarby het die „Junior Beit"-eksamens vir beurse en die gewone „Qualifying Examination" aan die einde van die laerskool die vrye en onbelemmerde ontwikkeling van dié skole gestrem en hulle verplig om op die leerplanvakke te konsentreer. „The primary school is not a mere interlude between the infant school and the later stages of education, nor is its quality to be judged by its success in preparing children to proceed to

1) Fox Report: Section II; Hansard: t.a.p.

the latter - Its criterion must above all be the requirements of its pupils during the years when they are in its charge, not the exigencies of examinations....[1]" het dit in die Fox-verslag gelui.

Die kontroversiële vraagstuk in verband met die reorganisasie van die sekundêre en laerskole is reeds deur die Tate-kommissie aanhangig gemaak.[2] Daar is nou weer aangetoon dat 'n groot deel van die kinders verstoke is van enige vorm van middelbare onderwys en die rede daarvoor te vinde was in die akademiese kursus wat ongeskik was vir die merendeel kinders in die hoërskole. Baie kinders het nog in die skool gebly tot na die Junior Sertifikaat-eksamen maar daarna het hulle alle belangstelling in die skool verloor.[3] Immers was dit 'n feit wat meer en meer deur die hele wêreld[4] besef is dat die akademiese hoërskole nie genoegsame voorsiening vir die opvoeding van die groot meerderheid gemaak het nie. Sulke vakke soos kuns, handwerk, liggaamsoefening, musiek ensovoorts is verwaarloos geword omdat hulle nie eksamenvakke was nie, en hulle sou nou tot hul reg kom in die „moderne" skool wat 'n beter opvoeding vir die lewe sou verskaf. Ook sou die „moderne" skole aansluit by die agtergrond van die omgewing. „They will have a Rhodesian character and a local character as well,[5]" het die Eerste Minister verseker „for the great majority of children the modern high school will provide a sounder, more vital, more cultural education than the academic high school."

Maar die regering het besef dat ook met die publieke opinie rekening gehou moes word. Baie ouers het skepties bly staan teenoor die sogenaamde moderne onderwys, ander het die „moderne" skole as 'n soort beroepskool beskou waar die minimum Engels en rekenkunde en die maksimum skrynwerk geleer sou word. Voordat die

1) Fox Report: Section, 14.
2) Tate Report; 66.
3) Fox Report: 14.
4) Coetzee: a.w., 17; vgl. Smuts: Education of the Adolescent, 4.
5) Hansard: t.a.p.

finale keuse van die skool waarheen die kind na die primêre klasse sou gaan - hetsy tegnies, akademies of modern - gedoen is, sou die ouers die kans kry om so 'n keuse van die onderwysende personeel goed of af te keur.[1]

Juis omdat die vereiste matrikulasie-sertifikaat soveel seuns uit die staatsdiens gehou het, sou die kinders van die „moderne" skole met 'n sertifikaat van die hoof nou toegang tot die staatsdiens hê.[2] Terselfdertyd is gevoel dat die matrikulasie-eksamen tog per slot van sake baie min waarde het vir die gewone Rhodesiese kind - immers, volgens die Eerste Minister, was eksamens van enige aard vir die kind wat nie na die universiteit gaan nie, oorbodig.[3] Hy het daarop voorgestel dat alle publieke eksamens in die skoolloopbaan van die kind afgeskaf sou word, en dat in plaas van die Junior Sertifikaat in Vorm 111 die „Cambridge School Certificate" in Vorm 1V verwerf word, wat dan ook op sy beurt die matrikulasie sou vervang

Die laaste verandering voorgestel te wete dat die uiteindelike verantwoordelikheid van alle blanke skoolkoshuise in die minister gesetel sou wees, was na aanleiding van die bewerings dat die koshuiskomitee op 'n los en onbevredigende basis gekonstitueer was wat hom 'n dubbelsinnige gesag gegee het en nie daarin geslaag het om die inherente regte van die regering wat tog die geldelike laste moes dra, te waarborg nie.[4]

b. <u>Die „Moderne" Veranderinge in die Onderwysbeleid.</u>

Wat die toepassing en uitvoering van die voorstelle betref, het dit in die laerskole uitgeloop op 'n lewendiger behandeling van plaaslike gegewens en aangeleenthede. Die Primêre afdeling wat tot dusver as deel van die hoërskole beskou is, het nou outonome departemente met hul eie prinsipale geword om die onderwys van kinders tussen vyf en twaalf jaar te behartig. In al die stedelike gebiede het 'n opbreking en reorganisa-

1) Hansard: 29.10.1937.
2) Vgl. The Rhodesian Services Record, March 1940.
3)&4) Hansard: 29.10.1937.

sie plaasgevind wat daartoe gelei het dat al die laerskoolgeboue van die hoërskool geskei was. Die „Regulations and Courses of Primary Instruction," die sillabus van die Departement wat sedert 1924 in gebruik was, is afgeskaf. Om onderwysers in staat te stel om hul eie leerplanne op te stel om meer aan die eise van „lewenswerklikheid" te voldoen, is gereelde vakansiekursusse gehou, en is ook onderwyspanele daargestel om aanbevelinge te doen.

In die sekundêre afdeling[1] was die eerste vraagstuk nie of die „moderne" kursusse noodsaaklik en geslaagd sou wees nie, maar of dit moontlik was om so 'n skema binne die raamwerk van die reedsbestaande akademiese skole tot sy reg te laat kom. Benewens die kursus vir seuns en meisies in aparte skole was daar nog die probleem om 'n „moderne" kursus in die skole waar seuns en meisies saam was, in te stel. Dit het ko-edukasie minder populêr gemaak, maar waar die keuse gelê het tussen die gemengde en die „moderne" skool, is die gemengde skool met 'n dubbelsydige basis vir albei skole verkies. Die ander skole het ook op die dubbele basis voortgegaan maar daar is gevoel dat aan die moderne kursus nie volle reg kon geskied nie.[2] Daar was in ieder geval 'n groot mate van onsekerheid by die kommissieverslae en niks minder by die hoofde van die departemente nie. Dit sou fataal wees, het hulle gevoel, indien die moderne kursus as 'n toevlug vir die agterlikes beskou word, dit sou nog fataler wees as die oprigting van „moderne" skole reeds deur so'n moontlikheid bemoeilik is.[3] Na ondersoek deur afgevaardigdes van die departement is in 1939 in Salisbury[4] met 'n aparte moderne seunskool en 'n meisieskool begin wat sou poog om daardie „human and liberal education" te verskaf wat so 'n algemene kreet van die moderne opvoeding is. Omtrent 250 leer-

---

1) Vgl. Inspectorate: Report, 1940.
2) Fox Report: Section 19.
3) Cowie: S.R.Education Department, Bulletin No.3. Gledhill: S.R.Education Department, Bulletin No.2.

linge is vir die doel getrek uit die platteland en uit die „moderne" afdeling van die hoërskole. Die kursus het die morele en fisiese aspekte probeer dek deur meer aandag te wy aan godsdiens en ligaamsoefeninge; intellektuele aktiwiteite het die Engelse taal en literatuur ingesluit (en met 'n mate van onsekerheid 'n tweede taal, wat meestal Afrikaans was) Aardrykskunde en Geskiedenis, eersgenoemde 'n praktiese kursus wat op lokale omstandighede gegrond sou wees; Matesis en Elementêre Wetenskap; Handelsvakke, Praktiese Rekenkunde, Musiek, Kuns, Burgerleer, Huishoudkunde, Hout en Metaalwerk ensovoorts sou die praktiese deel van die kursus voltooi.[1)]

In die akademiese skole was daar 'n vinnige stroom wat na 'n vier of vyfjarige kursus tot die handel of beroepe sou intree en aan wie sertifikate gegee sou word as hulle in vyf vakke van die Cambridge-eksamen slaag. Die universiteitskoliere sou in vyf vakke „krediete" moes kry voordat hul tot die universiteite toegelaat kon word - en dié „krediete" kon altyd opgebou word nadat daar eenmaal geslaag is. (Suid-Afrika het ses krediete vereis).[2)] Aangesien net „akademiese" kinders -so is gehoop - uit die laerskole sou oorgeplaas word, sou daar meer werk gedoen kon word, is gereken.

Ander veranderinge het 'n uitbreiding van die leerplan van die Tegniese Skool ingesluit, waarvolgens die kinders praktiese kennis van mynwese, boukuns, handels- en tegniese vakke sou opdoen.[3)] Kinders vir hierdie skool is getrek uit die moderne afdeling na 'n tweejarige „sound general education" aldaar, sodat die te vroeg met spesialisasie sou begin word nie.[4)]

Verder het die „politegniese" en aandklasse in al die groter sentra uitgebrei waar tegniese, professionele, regs- en staatsdiens-eksamens afgelê kon word. Dié kursusse, soos die skoolkursus self, was heeltemal

1) Report: Chief Education Officer, 1941, Fox Report: Section 11.
2) Vgl. Hansard: 27.10.1937.
3) Vgl. Spens Report: Secondary Education (1939). 279.

gratis, en het enkele jare later vir vakleerlinge verpligtend geword.

Die Onderwysers-kollege te Bulawayo is gesluit om studente die kans te gee om aan 'n groter inrigting oorsee te gaan studeer. Vir hulle was beurse en lenings beskikbaar.

Oor die hele stelsel het 'n Onderwyskomitee bestaande uit die Minister, Sekretaris vir Onderwys, Hoof-Inspekteur en Mediese Inspekteurs beheer gehad. 'n „Chief Education Officer"[1] sou die Direkteur vervang.

4. EFFEK VAN DIE „MODERNE" ONDERWYSPRAKTYK.

a. Toepassing tot 1947.

Gedurende die dekade waarin die nuwe onderwysrigting geleentheid gehad het om te ontwikkel, is besef dat die doelstelling om aan elke kind 'n middelbare onderwys van 'n aard te verskaf wat tegelykertyd 'n redelike hoë standaard van opvoeding vir almal verseker,[2] 'n gesonde was. Baie nuwe geboue, 'n uitgebreide beursstelsel, gereelde vakansiekursusse vir onderwysers, verbetering van salarisse, meer openbare belangstelling in die onderwys , was maar 'n paar „produkte" van die reorganisasie.

Tog het gedurende dié tydperk ook die gebreke van die nuwe beleid aan die lig gekom.[3] Dit het al spoedig geblyk dat die afwesigheid van enige sillabus in die laerskool en die daarmee gepaardgaande verontagsaming van die regverdige vereistes van die skole wat die laerskoolleerlinge eindelik moet bywoon, kritiek van die sekundêre skole uitgelok het. Daar is erg klem gelê op die „geluk" wat die laerskoolkind dan sou moes smaak as die dissipline van 'n vooropgestelde leerplan verwyder is. Maar die belangstelling in werk, wat die dissipline van bo sou moes vervang, was onmoontlik sonder die hulp en dikwels ook strenge optrede van die onderwyser wat weens gebrek aan enige sillabus sy optrede versag het

1) Hansard: Vol. 18, 37.
2) Hansard: 27.10.1937; Rhodesia Herald: 19.4.41.

sodat dit tot ongekontrolleerde vryheid in die klaskamers gelei het. Dié losse gees het die laerskoolleerlinge na die sekundêre skool gebring en veral in die akademiese skole het dit 'n ferme optrede gekos om die kinders weer bewus te maak van die dissipline van die klaskamer. In die „moderne" skole het dit dikwels tot verdere eise van vryheid gelei wat op sy beurt weer een van die oorsake was van onpopulariteit van dié skole in die oë van die publiek.[1)]

Dit het verder geblyk dat die kinders wat van die laerskole na die middelbare skole oorgaan, so verskil in agtergrond dat dit 'n groot deel van die eerste jaar aan die laasgenoemde skool gekos het om 'n geringe mate van uniformiteit te bekom. Daar was geen norm wat tot standaard[2)] kon dien in sulke belangrike vakke soos byvoorbeeld rekenkunde en Engels nie: albei vakke wat in sowel die akademiese as „moderne" skole 'n vername funksie het. Die leer van tafels, wat tog 'n inherente deel van die laerskoolleerplan behoort te wees, is wel deur meeste skole in die sillabus ingesluit, maar daar is nie streng daarop aangedring dat die werk sonder meer goed geken moet word nie. Dit het in die gemoed van die kind en in sy verstand 'n magdom mooi maar te dikwels onverteerde en halwe waarhede besorg. - 'n gevaar wat die onderwysers reeds gou ingesien het.[3)]

Dit het ook geblyk dat sommige hoofde nie bereid was om 'n sillabus vir hul personeel uit te werk wat albei partye sou bevredig nie,[4)] sodat die departement verplig was om in sekere vakke 'n leerplan uit te gee.

Daar is verder bevind dat bevordering volgens ouderdom, sodat die verdeling tussen die laer en hoërskool by 12 plus verseker kon wees, nie alleen misverstand maar ook werklike twyfel by die onderwysers laat ontstaan het. Aan die begin van die „nuwe" onderwysjare

1) Education Commission 1947: 4.
2) Rhodesia Services Record: Julie 1941, 28,29.
3) Rhodesia Teachers Assoc: Report, 1945. (Services Record July 1945, 21.)
4) Education Commission, 1947: I,13.

is dit bepaal dat 'n kind van 10 jaar in std. 111 sou wees, sodat by 12 jaar hy dan na die sekundêre skool sou gaan. Daar is geen behoorlike balans probeer vind tussen die kind se verstandskronologie en fisiese ouderdom nie. Dat dit 'n goeie bepaling was in sekere opsigte, kan nie betwyfel word nie. Dit is wenslik dat die kind saamwerk en assosieer met diegene van sy eie ouderdom, en dat die stadige leerder nie jaar na jaar agtergelaat word om by 'n ander junior groep aan te sluit nie. Promosie deur ouderdom versker dit 'n mate. Maar in Rhodesië veral is daar faktore wat nie sonder meer buite rekening gelaat kon word nie. Daar is 'n gedurige verhuising van omtrent een uit elke vier, en dit bring soms mee dat die kind lank uit die skool bly - veral waar so 'n verhuising gepaard gaan met 'n periode van lang verlof om eindelik 'n skool by te woon wat 'n heeltemal verskillende sillabus volg. Daar is verdere die effek van die tropiese siektes wat weer op sy beurt met die hele fisiese gesteldheid van die kind gepaard gaan. Bilharzia en Malaria kon 'n kind soms maande neertrek, en veroorsaak dikwels 'n vakansie of herstellingsperiode. Weer raak die kind agter. Ander kinders weer is vertraag juis weens hul ouderdom wanneer hulle die skooljare begin. Skoolgaan is verpligtend gemaak van 7 (dit wil sê die begin van die termyn wat volg op sy sewende verjaarsdag), tot 15. Maar 'n kind mag skool toe gaan in die jaar wanneer hy ses word. Om die uiterste gevalle te neem, kom dit hierop neer dat A wat op 1 Desember 1940 gebore is in Januarie 1946 skooltoe mag gaan indien sy ouers dit verkies, terwyl B wat ook op dieselfde datum gebore is, eers in Januarie 1948 skooltoe hoef te gaan. Aan die begin van hul skooljare is A twee jaar voor B hoewel hul ewe oud is, en dit sou net so onregverdig wees om A te vertraag as om B sonder meer op te stoot.[1]

Dit het verder gebeur dat sommige kinders kleuterskole[2] bygewoon het en dus heeltemal vroeër as an-

1) Education Commission, 1947: 19.

der na die laerskool oorgaan. Ook dit het die probleem van ouderdomsgroepering bemoeilik. Dit was ook verkeerd om die hele huislike agtergrond en die omgewingsfaktore te ignoreer, en om vir die Afrikaanse kind wat sonder kennis van Engels na die skool kom, dieselfde kriteria as vir die Engelse kind te stel.

b. <u>Onderwyskommissie van 1947.</u>

Dit is egter veral teen die vernaamste nuwigheid van die moderne opvoeding te wete die sekundêre „moderne" skool dat die felste kritiek uitgespreek is deur 'n kommissie wat in 1947 rapport moes uitbring oor die onderwysaangeleenthede van die land. Daarmee is geensins te kenne gegee dat die doelstellinge van so'n skool verkeerd was nie. Inteendeel, die ondervinding het bewys, dat die oorgrote meerderheid van die kinders verkies om - soos deur die „moderne" aktiwiteitskool voorgestaan is - dinge <u>self</u> te doen of om te sien hoe dinge gedoen word, as om te hoor of vertel te word <u>hoe</u> hulle gedoen word. Daarom, so het die kommissie die bevindinge van die Tate- en Fox-verslae herhaal, is die akademiese benadering van vakke soos in die gewone sekundêre skole in gebruik, ongeskik vir 'n groot deel van die kinderbevolking.[1)]

Aan die ander kant het die „moderne" skole egter feitlik vanaf die begin 'n verlore stryd gevoer. Ten eerste is die naam „modern" behou om daarmee die wydste konnotasie aan die inhoud en vorm van die skool te gee, en die heimlike vrees dat die skool vir die verstandelik-minderbegaafde kinders 'n toevlug is, te verban. Dit sou slegs 'n verskeidenheid van vakke wees om diegene wat geen akademiese neigings het nie, te bevredig. Maar dit het al spoedig geblyk dat die „moderne" skool nie veel anders was as 'n soort handels-, ambags- of tegniese skool of skoolplaas nie - benaminge van 'n kursus wat in die Unie van Suid-Afrika na 'n opdraande stryd eindelik eervolle erkenning geniet het. Of bogenoemde

1) Education Commission 1947: 4,a - h.

benaming benede die waardigheid van die Rhodesiese Departement is, dan wel of daar in alle eerlikheid so 'n erg andersoortige kursus beoog is as wat deur genoemde skole in die Unie aangebied is om die benaming daar van ontoepaslik te vind, is moeilik om te sê.

Dit het egter vir sy inhoud en wese, afgesien van die naam, die tyd en publieke opinie as toetsstene gehad. Die argwaan teen die „moderne" skole het met die jare toegeneem, en sonder die ondersteuning van die publiek kon die skole nie koers kry nie. Dit is deels te wyte aan die feit dat die ouers en onderwysers nie genoegsaam voorberei is vir die verandering nie, en dat hoe sterker die kritiek geword het, hoe meer ouers verkies het om hul kinders, trots die advies van die onderwysers, na die akademiese skole te stuur.[1] Die vooroordeel aan die kant van die ouers sowel as by sommige onderwysers het toegeneem en baie kinders wat by so 'n moderne kursus sou gebaat het, het nooit daar uitgekom nie. Dit het die „moderne" skool ook ontroof van 'n seksie begaafde kinders vir wie normaalweg so 'n skool uitstekend sou pas. Ander struikelblokke wat die „moderne" skole te bowe moes kom, is verder deur die ontwrigting van die oorlog veroorsaak. Vanaf die begin was die sukses van daardie skole op die spel deurdat baie onderwysers by die leër aangesluit het, en 'n behoorlik opgeleide personeel ontbreek het. Daarmee het die reedsgenoemde benadering van die vakke, die nuwe tegniek van die onderwys wat dan juis die kern van die verskil tussen die ou en nuwe rigting sou uitmaak, onherstelbare skade gely. Baie min onderwysers wat op die hoogte met die moderne onderwys in Engeland was, kon uit daardie land, gerekruteer word, sodat ook aan die personeelvereistes nie voldoen kon word nie. Daar kan ook nie ontken word dat die geboue en toerusting in sommige gevalle van 'n minderwaardige gehalte en onttoereikend was nie. Indien die „moderne" skole nuwe geboue en in 'n ander omgewing as die

---

1) Education Commission 1947, 4.e.

akademiese skole kans gehad het om met die beste toerusting en onderwysers te ontwikkel, sou daar baie meer onmiddellike sukses behaal kon word.[1)]

Daar is verder gevoel dat die „moderne" skool geen doelstelling het nie, en dat gebrek aan eksamens en 'n vaste leerplan dié vermoede in die hand gewerk het. Waar selfs die minimumleerplan nie aangebied is nie, moes dit lei tot laksheid.

Ook die vermoede dat die „moderne" skole vir die minderbegaafde bedoel is, is in die loop van die eerste paar jare bewaarheid. Dikwels was dit kinders wat vertraag is weens die ouderdomspromosie of die taalmoeilikheid, wat na die „moderne" skool gestuur is, sodat 'n algemene stigma van 'n „dommer seksie" die skole gekenmerk het.

Dit het derhalwe duidelik geword dat 'n nuwe benaming in verband met die „moderne" onderwys noodsaaklik was, indien daar nog gered moes word wat gered kon word. 'n Oplossing uit die huidige moeilikheid sluit aan by die algemene opvoedingsleer van die moderne onderwys en is óok in Engeland deur die sogenaamde Norwood-Verslag beklemtoon.[2)] Dit veronderstel dat na die laerskool alle leerlinge 'n tweejarige kursus van middelbare onderwys wat taamlik eenvoudig vir almal en dwarsdeur die land sal wees, sal volg, voordat die eintlike verdeling daarna plaasvind. So 'n leergang moet verseker dat die leerling se tyd so ekonomies bestee word dat hy verseker kan wees van aansluiting by enige van die tipes middelbare onderwys - hetsy akademies, „modern" of tegnies. So 'n „Junior Middelbare" skool vir leerlinge met die ouderdom 11+ na 13 + kan derhalwe ingestel word vanaf die einde van std. lV en sluit std. V en vorm 1 in. Die uitwerking van so 'n „tussen-skool" sal wees dat die finale besluit met betrekking tot die ewentuele klassifikasie van die kind twee jaar oorweging kan geniet. Aan

---

1) Education Commission, 1947. 4f.
2) Olivier: Educational Adoptations, Appendix 1, lV. Education Commission 1947, 6. Rhodesia Services Record: July 1945, 21.

die einde van daardie periode behoort dit vir die onderwyser wat spesiaal belas is met die verantwoordelikheid om aanbeveling te doen, moontlik te wees om met meer sekerheid as tans die regte tipe skool aan te beveel. Dit behoort sowel die middelbare onderwysers as die ouers met 'n mate van vertroue te vervul, en ook die kind sal 'n geleentheid kry om self in die uiteindelike besluit van die personeel te glo.

So 'n skool sal die atmosfeer van 'n middelbare skool dra en die kind in staat stel om met sekere van die vakke wat in al die sekundêre skole tog gevolg moet word, te begin. Op een besondere gebied, die studie van die Afrikaanse taal, is jare lank gevoel dat die vierjarige kursus aan die hoërskool onvoldoende is, en dat 'n vroeër begin die taal vir die kind en die taak van die onderwyser, wat graag meer as net 'n „vreemde taal"-gesteldheid probeer aanwakker, sal vergemaklik. Dan sal minstens sommige van die vakke nie so afskrikwekkend nuut in die middelbare skool wees nie.[1]

So'n nuwe „leer" het ook sy gebreke en implikasies. Dit sal die laerskoollewe met een jaar verkort, dog indien die kind vanaf sy sesde jaar moet skoolgaan, sal dit van onder af gevul word. 'n Verandering in die leerplan om aan te sluit by die onvoldoende eenjarige „kindertuin" sal ook aangebring moet word, tensy die kindertuinperiode verleng word deur 'n aparte instelling te word wat vroeër 'n aanvang neem, of deur kleuterskole gevoed word. Laasgenoemde is vir 'n groot deel van die landelike bevolking nie prakties uitvoerbaar nie. 'n Ander moontlikheid sou wees om die verdeling by 12 jaar te maak, maar dan is dit nie moontlik om uitvoering te gee aan die voorgenome plan om minstens drie jaar middelbare onderwys aan alle kinders te verseker nie.[2] So 'n verdeling van die Junior Middelbare skole van 11-13[3] veronderstel juis dat die ouderdom van skoolverlating na

1) Vgl. Education Commission, 1947. 6.
2) Vgl. Tate Report: 178.
3) Vgl. Rhodesia Services Record: July 1945, 21.

16 opgeskuif word. Hoewel dit vir die normale kind nie te hoog is nie en dit by die blankes 'n baie noodsaaklike onderwysstandaard te midde van 'n swart, leergierige meerderheid verseker, bestaan daar tog 'n gevaar dat die ondernormale kind onnodig verder gestrem word, en dat die eise van die nywerheid van die land verontagsaam word.

Eindelik moet sekerheid omtrent die „moderne" skool verkry word. Daar die owerhede beslis weier om enige beroepskundige benaming aan die skool te koppel, en die dubbelslagtigheid van swakheid en onwerklikheid getuig, sal dit voorlopig beter wees om die skool in sy huidige vorm heeltemal te laat verdwyn.[1)] Daarmee sal die kontroversiële eensydige, „unilateral" skool, weer van die toneel verdwyn en sal hulle weer „bilateral" word met 'n akademiese en moderne afdeling. Aan die hoof van elkeen sal 'n onder-prinsipaal staan met 'n deel van die personeel uitsluitend tot sy beskikking. Om die stigma wat aan die woord „modern" begin kleef het, te verwyder, sal 'n ander benaming gevind moet word.

Dit is wenslik dat eksamens of toetse van een of ander aard weer vir al die soorte middelbare onderwys ingestel sal word. Dit is in baie gevalle tog 'n stimulus vir sowel die onderwyser as die kind. Wat die eind-eksamen van die akademiese leerling betref, kon miskien wel gevra word waarom die vasklemming aan die Cambridge, terwyl dit in sy wese tog nie veel verskil van die matrikulasie nie. In die verlede het die uitslae eers verskyn nadat die universiteite al geopen het, sodat 'n kandidaat óf laat daar aangekom het, óf indien hy op „goeie hoop" gegaan het, teleurgesteld sy begonne universiteitskursus, en al die onkoste daaraan verbonde, moes verbeur om terug te gaan en sy addisionele „krediet" verwerf. Dit het dan ook al daartoe gelei dat die universiteits- en skoolkursusse gestaak is. Die hele toestand sou vererger gewees het, indien die student

1) Education Commission 1947, 8.

na oorsese universiteite wou gaan. Die oorlog het dit egter verhoed en die studente het byna sonder uitsondering na die universiteite van Suid-Afrika gegaan. Die analogie van 'n Suid-Afrikaanse matrikulasie-eksamen wat nie geskik sou wees vir Rhodesiese seuns en dogters nie, word nie tot die universiteitsgeriewe deurgevoer nie.[1] Dit wil mens dus voorkom of die vermoede dat toe die matrikulasie-eksamen deur die Cambridge vervang is, dit om politieke redes geskied het om daarmee die laaste opvoedkundige betrekking met die Unie te verbreek, nie ongegrond was nie. Die universiteit met hulle „liberale" lewensbeskouing sou dan bo die politiek verhewe wees, en vir die Engelse student geen „Unie-gevaar" inhou nie.

Daar moet met hierdie uiteensetting, wat die vernaamste gebiede van die „moderne" onderwys dek, volstaan word. In een opsig is Rhodesië gelukkig om te kan eksperimenteer in soverre as wat die hele onderwysstelsel in die Departement (of regering) gesetel is, en daar geen skoolrade of provinsiale liggame geraadpleeg hoef te word nie. Verder was die regering nog altyd sterk bewus van die waarde van 'n lewenskragtige opvoeding sodat geen uitgawe in belang daarvan te hoog geag is nie. Dit het nog altyd die bou van nuwe skole en koshuise bespoedig, en by die publiek agting afgedwing - behalwe met die ietwat onbekookte „moderne"-skool eksperiment. - Die feit dat die regering belowe het om die voorstelle van die jongste Onderwyskommissie uit te voer,[2] ook met betrekking tot dié skole is maar 'n verdere bewys van 'n gesonde gees van ondersoek wat uitmuntend geskik is vir so 'n jong progressiewe land soos Rhodesië.

5. <u>SAMEVATTING EN SLOT.</u>

Soos in ander lande van die wêreld het die kerk ook in Rhodesië die verantwoordelikheid op hom geneem om die eerste onderwysfasiliteite te verskaf. Dit ly geen twyfel dat die verskillende kerke onder moeilike

1) Vgl. Rhodesia Services Record: June 1939.
2) Hansard: 22.1.1948.

omstandighede van oorlog, geldskaarste en skoolbehoeftes van daardie onselfsugtige pogings 'n sukses gemaak het, nie. Van regeringsweë is hulle mettertyd deur toelae en inspeksie aangehelp, totdat die instelling van 'n Onderwysdepartement en 'n algemene gevoel dat die kerkskole ontoereikend was, die oorname van die onderwys deur die staat vergemaklik het. Verskillende kommissies is vanaf 1908 aangestel om die land op die hoogte te hou van hoe die gelde bestee is en die behoeftes op onderwysgebied toegeneem het. Na elke kommissie is nuwe voorwaartse bewegings waarneembaar: Eers is al die laerskoolonderwys deur die staat beheer en later die middelbare en tegniese onderwys.

Die gelukkige skenking van byna 'n kwartmiljoen pond vir die maatskaplike welvaart van Rhodesië deur A. Beit het die onderwys in Rhodesië 'n geweldige voorsprong op ander lande besorg. Daarmee is geboue opgerig en kinders na hoërskole en universiteite gestuur. Aan diegene wat gedurende die belangrike periode van konsolidasie in die skole gearbei het, moet eer toegebring word vir sowel 'n gesonde sisteem van middelbare onderwys as vir 'n „record of scholastic achievement of which the colony may justly feel proud."[1)]

Intussen het Rhodesië ook bewus geword van die na-oorlogse moderne opvoedingsbeweging, en in 1929 en 1936 is kommissies benoem om aanbevelinge in verband met die moderne onderwys soos dit in die land toegepas kon word, te doen. Dit het tot 'n dekade van eksperimentasie gelei waarin die „moderne middelbare skool" en die gebrek aan enige leerplan vir die laerskool die meeste kritiek uitgelok het. Verslae omtrent die huidige onderwysstelsel in Rhodesië kan egter die beste beoordeel word, nie soseer as 'n aanduiding van wat alreeds bereik is nie, maar van 'n algemene rigting wat gevolg word, waar daar 'n welkome bereidwilligheid is om die metode wat die beginsels van die nuwe onderwys ken-

---

merk, te wysig om by die omstandighede van die kolonie aan te pas. Waar geld en gewilligheid dan nie ontbreek nie, is dit seker dat Rhodesië mettertyd 'n gesonde onderwysstelsel sal kan opbou.

Maar benewens die staat het die kerke ook belang by die onderwys en daar is deur een en almal gepoog om die houvas op die onderwys wat in daardie pioniersjare verkry is, nie heeltemal te los nie. In die volgende hoofstukke sal daar dan die aandeel wat een van daardie kerke te wete die N.G.Kerk, aan die onderwysgeskiëdenis van die land gehad het, geskets word, asmede die pogings van die N.G.Kerk om toe te sien dat die onderwys van sy dooplidmaat by die besondere eise en lewensbeskouing van daardie Kerk aangepas sal word.